

VOORWOORD

Die onderste voorbladfoto, geneem ongeveer 1907, toon my vader, Coenraad Johannes Walters as drie-jarige saam met sy ouers, Stephanus Sebastiaan en Johanna Sophia (Brink) Walters.

Hierdie foto, asook ander wat uit my ouerhuis kom, het beslis 'n rol gespeel daarin dat ek reeds op 'n baie jong ouderdom meer wou weet omtrent my voorgeslagte.

Vandag weet ek egter dat die bietjie kennis wat ek so algaande opgedoen het, maar 'n druppel in die emmer is en dit sal maar altyd by my spook dat ek meer moes uitgevind het.

Ek het uitgevra, ja. Ek het . My oupa het my byvoorbeeld vertel presies waar die laaste strandjut in ons omgewing op Waterklip se grond doodgeskiet is. Wat ek vergeet het om te vra, is deur wie en wanneer.

My broer Fanie het ook dieselfde belangstelling gehad en hy het inderdaad begin om familie-navorsing te doen. Alles het egter tot 'n skielike einde gekom met die tragiese bomontploffing in Kerkstraat, Pretoria op 20 Mei 1983 waarin Fanie noodlottig beseer is.

In daardie stadium was daar geen vooruitsig dat iemand anders na vore sou kom om hierdie enorme taak aan te pak nie.

Toe verskyn my kleinneef Nico Walters se Walters-boek in 2005..... en 'n hele nuwe wêreld het vir ons oopgegaan. Skielik ontdek ek toe familie van wie ek nog nooit gehoor het nie.

Nuwe vrae het ontstaan..... waar het al hierdie mense dan gewoon..... wie het waar geboer.....wie het inderdaad hulle eie grond besit?

Skielik wou ek alles weet van my nabye familie in die Agterbaai. Nico het my gaan wys hoe dinge by die Argief en Meesterskantoor werk en saam het ons die Aktekantoor gaan verken.

Hoeveel kere ons daarna gesamentlik of op ons eie besoeke aan hierdie instellings sowel as aan GISA op Stellenbosch gebring het, weet ek nie, maar daar was heelwat.

Vergesel van ons beroemde skrywer, Sussie Kotze, ('n kleinniggie van my), het ons ook die Agterbaai besoek en kon ek en Sussie weer op ou spore loop.

Om die waarheid te sê, as dit nie vir Nico en my vrou, Brenda was nie, sou hierdie boek nie moontlik wees nie. Nico het die hele *Inleiding en Agtergrond*, sowel as Hoofstuk 7 van Deel 1 en Deel 3 (Genealogie) uit sy eie bygedra en Brenda het ure en ure voor haar rekenaar deurgebring om 'n sukses van die taak te maak. Vir hulle onbaatsugtige bystand is ek hulle groot dank verskuldig en op hierdie wyse wil ek dan ook graag my opregte dank aan hulle oordra.

Ook vir almal wat so goedgunstiglik foto's verskaf het, of op enige wyse 'n bydrae gelewer het, al is dit ook hoe gering, baie dankie.

Vir iemand wat nie ons wêreld ken nie, sal dit seker vreemd wees dat ek nie sommer die boek "Die Walterse van Vredenburg" genoem het nie.

Toe die eerste Walterse hulself gedurende die eerste helfte van 1853 in die gebied gevestig het, was daar nog nie so 'n plek soos Vredenburg nie, maar die begrippe "Agterbaai" en "Voorbaai" was myns insiens toe al goed gevestig in die volksmond.

Wanneer 'n mens vanaf Hopefield se kant die wêreld betree, kom jy eerstens in die Voorbaai. Net anderkant Langebaanweg begin die Agterbaai en dit strek tot teen die see.

In die ou dae was al die distrikte in wyke verdeel, elk met sy eie veldkornet. Die distrik Malmesbury het uit vyftien wyke bestaan en die twee wat vir ons belangrik is, was die wyke St. Helenabaai en Saldanha.

Dit is vir my logies dat die gebied wat as die Voorbaai bekend staan, die hele oppervlakte van die Saldanhawyk uitmaak met die St. Helenabaai-wyk as die Agterbaai.

Plase op die grens van hierdie wyke het ingesluit Ystervarkrug, Eensaamheid en Olifantskraal

(om maar 'n paar te noem) aan die St. Helenabaai-kant en Langeberg (waarop Langebaanweg aangelê is), Koningsvlei en Cloeteskraal aan die Saldanhawyk se kant. Die huidige dorp Saldanha en die Bergrivier vorm die eindpunte van hierdie grenslyn.

Met die afstigting van die gemeente Vredenburg van Hopefield gedurende 1902 was hierdie denkbeeldige grenslyn dan ook grootliks bepalend in die vasstelling van die gemeentegrense.

Vandag vind 'n mens dus dat plekke soos Langebaan en Langebaanweg volledig binne-in die Voorbaai geleë is terwyl die dorpe Saldanha, Vredenburg en St. Helenabaai hulself vierkantig binne-in die Agterbaai bevind.

Al die Walterse wat plaaseiendom in die gebied besit het, se grond was in die Agterbaai geleë. Sommige van hulle het wel later in die Voorbaai gaan woon, maar sover ek weet, het nie een van hulle sy eie plaas daar besit nie.

Die inhoud van die boek is met groot sorg nagegaan, maar dis net moontlik dat foute ingesluip het. Graag nooi ek dus enigeen wat voel dat daar iets is waarmee hy of sy nie saamstem nie, om met my daaromtrent in verbinding te tree.

Natuurlik is alle vrae nog nie beantwoord nie, grootliks by gebrek aan voldoende inligting. Daar is byvoorbeeld weinig melding gemaak van my oupagrootjie se neef, Stephanus Sebastiaan, wat moontlik saam, maar meer waarskynlik ná hulle in die Agterbaai aangekom het. So ook van my oupa se neef Frikkie Walters wat van Porterville gekom en homself aan die Weskus kom vestig het waar hy 'n suksesvolle loopbaan in die visbedryf gehad het.

Beslis twee onderwerpe waaroor iemand met insig en agtergrondkennis 'n bydrae kan lewer!

Vir my was dit net een groot plesier om hierdie navorsing te kon doen en om sodoende die inligting wat versamel is, te kan deel met enigeen wat daarin sou belangstel. Mag dit vir elkeen wat hierdie boek lees, so 'n ervaring wees!

Strand

Junie 2010

HANDIG OM TE WEET

144 vierkante voet = 1 vierkante roede

600 vierkante roede = 1 morg

1 morg = 0,8565 hektaar

1 Riksdalder = (was gelyk aan) $1/6$ (een sjieling en ses pennies) of 15 sent.

1 Riksdalder = 3 Gulden

1 Gulden = 6d (ses pennies) of 5 sent.

1 000 Gulden = £25.0.0 (R50)

26 000 Gulden = £650

(Hierdie gegewens kom so dikwels voor in die volgende hoofstukke, daarom is besluit om dit nou reeds weer te gee, in plaas daarvan om dit onder *Bronne en Notas* uiteen te sit).

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord

Inleiding en Agtergrond

Deel 1 *Die Geskiedenis*

Hoofstuk 1	Waar het die Walterse geboer in die Agterbaai ?	11
Hoofstuk 2	Matthys Michielse Walters (1804-1858)	19
Hoofstuk 3	Coenraad Johannes Walters (1835-1916)	31
Hoofstuk 4	Stephanus Sebastiaan Walters (1873-1960)	43
Hoofstuk 5	Die Skoonseuns	55
Hoofstuk 6	Die einde van die Walters-era in die Agterbaai	67
Hoofstuk 7	Onderwysers van die Agterbaai	79

Deel 2 *Die Plaas en sy Baas*

Hoofstuk 1	Waterklip	87
Hoofstuk 2	Boerdery op De Krans	95
Hoofstuk 3	Boerdery op Nuwerus	99
Hoofstuk 4	Noodhulp	101
Hoofstuk 5	Die Plaas Besterskraal 39	105
Hoofstuk 6	Die Plaas Uitkomst 23	107
Hoofstuk 7	Die Plaas Besterskraal 38	115
Hoofstuk 8	Die verskillende boerderye van Schalk Willem Walters	123
Hoofstuk 9	Grondbesit van Samuel Antonie Walters	127

Deel 3 *Matthys Michielse se Genealogie*

Erkennings	180
Bronne en Notas	182

INLEIDING EN AGTERGROND

Samuel Walter (s), die stamvader van die Walters-familie, word gebore in Pressburg (vandag Bratislava, die Hoofstad van Slowakye). Samuel verlaat Nederland in 1695 aan boord die Assendelft en kom in 1696 in Cabo De Goede Hoop aan waar hy elf jaar diens doen as soldaat in die garnisoen aan die Kaap. Die volgende faset in Samuel se loopbaan het 'n belangrike impak gehad op die Walterse se geskiedenis. Samuel word uitgeleen vanaf 1707 tot 1710 aan Samuel Elsevier, sekundus aan die Kaap, om as plaasarbeider diens te doen en word 'n vryburger in 1710. Dit is in hierdie landbouers-netwerk waar hy Maria van der Westhuizen, weduwee van Cornelis van Nieuwekerken (vandag Van Niekerk), ontmoet. Cornelis was een van die burgers wat verban was na Mauritius as gevolg van hulle verset teen Willem Adriaen van der Stel. Samuel tree in die huwelik met die weduwee Maria op die 22 ste Maart 1711 in Stellenbosch.


Cornelis het vir Maria verskeie plase nagelaat wat Samuel in staat gestel het om die plaas De Tijgerberge, geleë aan die Tygerberge, in 1714 vir 9000 Kaapse Gulden aan te koop. Die plaas De Tijgerberge heet vandag Altydgedacht en kan as die Walters-stamplaas beskou word. Drie Walters-seuns word gebore en gedoop in die Kaapse kerk, by name Daniël (1712), Nicolaas (1714) en Stephanus Sebastiaan (1716).

Uit beide Nicolaas en Stephanus Sebastiaan se nageslag sou net een kleinseun van elk die Walters-familie voortplant in Suid-Afrika (hulle broer Daniël het nie kinders gehad nie). Hierdie twee kleinseuns, wat ook Nicolaas en Stephanus Sebastiaan geheet het, het nege pionierouers voortgebring wat die fondament sou lê van die Walters-nageslag in Suid Afrika.

Matthys Michielse, een van hierdie pionierouers, is in 1804 in die Malmesbury-distrik gebore. Hy word groot op die bekende plaas Bakenfontein wat vandag nog aan die Walters-nageslag behoort. Hy was van die Stephanus-tak en 'n vyfde generasie seun van stamvader Samuel Walters. Sy nageslag vorm ongeveer 28% van al die Afrikaner-Walterse in Suid Afrika.

Die boek oor die Walterse van die Agterbaai vertel die storie van hierdie pionier-ouer, sy pionierplaas Waterklip naby Vredenburg en sy nageslag.

Samuel Walters en sy nageslag.



(N.M. Walters).

DEEL 1

Die Geskiedenis

Hoofstuk 1

WAAR HET DIE WALTERSE GEBOER IN DIE AGTERBAAI?

Ry vandag met die pad vanaf Vredenburg na Paternoster en die heel eerste huis aan die linkerkant, net anderkant die dorpsgrens, is die huis wat STEPHANUS SEBASTIAAN WALTERS (86) (Stephanus Kaatjie) laat bou het en waar hy die laaste paar jaar gewoon het voordat hy die grond verkoop en weggetrek het. Dié deel staan bekend as WATERKLIP-SUID of VOOR-WATERKLIP en die grootpad loop regdeur die eiendom.

Heelwaarskynlik die eerste WALTERS wat hier gewoon het, was SCHALK WILLEM (WILLEM) (3), wat later ook dié gedeelte sou erf.

Dit is ook baie moontlik dat sy broer ROELOF PETRUS (PIET) (136) later vir 'n tyd lank hier kon gewoon het.

Skaars verby die plaaswerf neem 'n mens die pad wat regs uitdraai na Stompneusbaai. Die pad maak 'n draai na links en net regs daarvan lê nog 'n opstal. Dis die plaaswerf waar STEPHANUS KAATJIE eers gewoon het. Sy vader MATTHYS MICHIELSE (63) was die eerste WALTERS wat hier gewoon het. Hier het STEPHANUS en sy broers en susters grootgeword. Dié gedeelte staan bekend as WATERKLIP-NOORD of KLEIN-WATERKLIP.



Opstal op Klein-Waterklip waar Stephanus Kaatjie en sy familie gewoon het.

Ry 'n entjie verder en jy kry die uitdraaipad van die ou familieplaas WATERKLIP na links. Die plaaswerf lê ongeveer 'n kilometer van die grootpad af. Dis hier waar alles begin het en waar die familie hulle gevestig het nadat hulle van Malmesbury na die Weskus getrek het.

Hier lê ook die begraafplaas van die Walters-familie. Sien foto hieronder.



Aan die oostekant, naby die omheining is drie grafte sonder name. (Eers was daar 'n ge-



**Matthys en Bettie se grafte
op Waterklip.**

boude klipmuur). Een lê 'n bietjie eenkant en ten noorde van die ander twee. Die ander twee lê langs mekaar en daar word algemeen aanvaar dat dit die grafte van ons pionier-ouers MATTHYS MICHIELSE en MARIA ELIZABETH PETRONELLA (VAN DER MERWE) moet wees. Wie se graf is dan die ander een wat lyk of dié persoon dalk die eerste lid van die familie kon wees wat daar begra-

familie kon wees wat daar begra-

we is? Al drie die grafte is uitgebou met klip (heeltemal toe) en afgepleister. Ooglopend is dit gedoen om die grafte teen roofdiere te beskerm. (Die muur is seker eers later opgerig).

Op hierdie plaas het baie Walters-kindere groot geword. Matthys se seun JAN (JOHANNES HENDRIK) (334) het later hier geboer en na hom het sy seuns MATTHYS (335), JAPIE (399), JAN (444) en ERNST (463) die boerdery voortgesit. Laasgenoemde het uiteindelik alleen daar geboer tot met sy dood. ERNST se seun JAN (JAN BALIE) (464) was die laaste van die Walterse wat hier geboer het.



**Jan Balie, die laaste Walters eie-
naar van Waterklip se graf.**

MATTHYS (335) is gedurende die Groot Griep oorlede. Sy broer JAPIE het op DE KRANS gaan boer en die ander broer JAN het op NUWERUS die boerdery behartig.

Terug op die grootpad en jy hoef nie ver te ry voor die volgende afdraaipad na links jou op KATZENBERG bring nie. Hier het my oupa se broer JAPIE (242) en sy seun GAWIE (263) geboer en voor hulle PIET (136). Die plaas ontleen sy naam van 'n groterige kop waar duidelik vroeër lede van die katfamilie moes gehou het. As jy nou terugry by WATERKLIP en KLEIN-WATERKLIP se afdraaipaaie verby, kom jy weer terug in die Paternosterpad.

Net 'n entjie vorentoe lê die plaas DE KRANZ aan die linkerkant. Dit was die woonplaas van JACOB LAUBSCHER WALTERS (399), beter bekend as OU JAPIE KRANS. Hier het hy geboer tot en met sy dood in 1952.

Daarna het sy seun (ook JAPIE KRANS) (400) hom opgevolg. Ook hy het geboer totdat hy skielik in 1961 oorlede is. Daarna het sy weduwee die grond verkoop.

Hier het my ouers (Coenraad en Hannah Walters) vir twee jaar gewoon voordat my vader in 1972 oorlede is. Daarna het my moeder en my tante (Hannah Walters) nog vir een jaar daar gewoon totdat hulle hulle op Vredenburg gevestig het.

Terug op die grootpad, kan jy by twee geleenthede regs uitdraai na die ou familieplaas WATERKLIP. 'n Entjie vorentoe draai daar 'n pad na links uit. Vroeër het jy deur 'n paar hekke gegaan voordat jy op die werf van NUWERUS uitgekome het. Hier het oom JAN NUWERUS (444) gewoon. Ry deur die werf en 'n hele paar hekke (vroeër dae) en jy kom uit op TREKOSKRAAL wat strek tot teen die see. Wie van die Walterse ooit hier gebly het, is onseker. Die grond was in besit van SCHALK WILLEM WALTERS (3) en sy skoonseun D.J. VISSER.

Verder aan met die grootpad kry jy SANDFONTEIN se uitdraaipad na links net voordat jy SKILPADKOP se hoogte afsak. Halfpad teen die volgende hoogte sien jy die bord "NOODHULP" na regs wat jou op die werf van NOODHULP A bring. Dit was die woonplaas van Oupagrootjie COENRAAD JOHANNES WALTERS (220) waar hy met sy vrou en 11 (oorlewende) kinders vir baie jare geboer het.

Sy jongste seun WILLEM (309) het met die boerdery hier aangegaan tot hy oorlede is. WILLEM se weduwee, SANNIE, het die boerdery vir 'n aantal jare met die hulp van 'n paar



Opstal op Noodhulp A.

en 'n winkelhaak van voor in die linkeroor.

Slegs 'n paar jaar voordat Noodhulp A verkoop is, is die grens tussen die plase wat dwarsdeur die plaaswerf loop, toegekamp. Dit het nogal heelwat praktiese probleme veroorsaak, want skielik was ons melkstal aan ons kant van die draad en die kalwerhok asook die kraal waar die koeie snags geslaap het aan die oorkant. My pa het ook altyd sy veevoer op die solder van 'n gebou wat oorkant die grens geleë is, gestoor.

My oupa STEPHANUS SEBASTIAAN WALTERS (278) het hierdie gedeelte van Noodhulp na sy vader se dood geërf en my pa, COENRAAD JOHANNES WALTERS (279), het hier geboer tot die grond ook uiteindelik gedurende 1966 verkoop is.



Opstal op Noodhulp waar die skrywer groot geword het.

Tussen die groot gesamentlike plaaswerf en ons huis (met nog buitegeboue) was daar 'n redelike groot stuk grond wat met bome beplant was. As jy by ons huis verbygaan en weer die grootpad nader, merk jy nog 'n plaaswerf reg oorkant die Vredenburg-Paternosterpad. Hierdie gedeelte was bekend as BESTERSKRAAL (die restant), terwyl almal daar rond sommer van die BO-PLAAS, of BO-NOODHULP gepraat het. Hier het Oupa se oudste broer, MATTHYS MICHIELSE WALTERS (221) en sy gesin geboer. Vroeër was dit die eiendom

bestuurders voortgesit. Uiteindelik is die grond egter gedurende 1964 verkoop.

Reg langs NOODHULP A, nader aan Paternoster, lê NOODHULP waar ek grootgeword het. Die twee Noodhulp-plase het een groot werf gehad en het gesamentlik bekend gestaan as ONDER-NOODHULP. Baie van die boerdery bedrywighede is gesamentlik beoefen. Vee is deur middel van merke aan die ore uitmekaar geken. Ons merk was 'n slip in die regteroor

van Oupagrootjie se swaer, WILLEM BESTBIER (3 19) . Oom Matthys het met sy eie niggie, dogter van Willem Bestbier, getrou.

Van die Bestbier-seuns het saam met hulle pa geboer. Die een seun, STEPHANUS, het die vee opgepas en hy en sy gesin het vir jare op 'n gedeelte van die grond, wat grens aan TREKOSKRAAL en teenaan die see geleë is, gewoon. Hierdie gedeelte is bekend as KOELTEBAAI en jy ry reguit deur die Bo-plaas om dit te bereik.

Ongeveer 4 km verder op die teerpad lê PATERNOSTER voor jou. Op regterhand is daar 'n plaaswerf wat vandag bekend staan as PELGRIMSRUS, maar wat vroeër bekend was as



Walters - plase in die Agterbaai.

TENTWAENSKLIP. Hiervandaan is daar 'n onverbeterlike uitsig oor die see. Hier het my oupa se neef, DIRK VISSER en sy gesin vroeër gewoon. Na hom het COENRAAD WALTERS, seun van my oupa se broer COENIE (264) en sy gesin daar gewoon.

Voor jy die draai vat om deur Paternoster te ry, was daar vroeër op regterhand nog 'n plaaswerf en dis hier waar oupa se broer COENIE gewoon het. Die naam COENRAADSPUTS wat aan hierdie gedeelte gegee is, dui op die put wat daar geleë is en vermoedelik die enigste bron van vars water in die omgewing was. (Water in daardie omgewing was baie skaars en gewoonlik brak).

Oom Coenie het hierdie plaas na Oupagrootjie se dood geërf, maar hy was reeds oorlede voordat die boedel afgehandel is. Oupa se jongste broer Willem het toe die plaas gekoop.

Die grootpad tussen Vredenburg en Paternoster sny dus deur al die Walters-gronde en slegs ongeveer halfpad gaan dit deur grond wat nie deur Walterse besit is nie, naamlik 'n gedeelte van die plaas SANDFONTEIN. Binne-in Paternoster, minder as 500 meter vanaf oom Coenie se plaashuis, het oom FRIKKIE WALTERS (501) gewoon. Hy en twee van sy seuns was baie bekend in die visbedryf. Paternoster soos dit vandag daar uitsien, sowel as die grond kuslangs verby die vuurtoring en Tietiesbaai, was alles oorspronklik deel van Noodhulp en Uitkoms.

Ook die Vredenburg-Stompneuspad (grondpad) sny amper halfpad deur Waltersgronde. In totaal het die Walterse hier op nagenoeg 10 000 morg (meer as 8 000 hektaar) geboer. Al die plase was met mekaar verbind deur middel van plaaspaaie. Vandag is daar geen Walters meer op die plase oor nie.

In totaal het die Walterse dus vir net meer as 'n eeu hier geboer, vanaf die middel 1800's tot die middel sestigerjare van die 20ste eeu.

Pionier-ouer Matthys Michielse se nasate (volgens noemname) word in die diagram op bladsy 18 aangedui asook die plase waar hulle woonagtig was. Hulle volledige genealogie asook die koppeling met die Walters-boek word in Deel 3 bespreek.




Diagram van die eienaars en afstammeling van die stamplaas Waterklip en omringende plase.